Remgro Beperk

Registrasienommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

TUSSENVERSLAG
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2003

- **Negatiewe wisselkoersimpak van R338 miljoen teenoor R342 miljoen voordeel in die vergelykende tydperk**
- **Afname in wesensverdienste per aandeel: –0.6%**
- **Toename in "intrinsieke waarde" per aandeel gedurende die tydperk: +5.6%**
- **Toename in tussendividend per aandeel: +14.8%**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

	Ongeouditeer 30 September 2003 R miljoen	2002 R miljoen	Geouditeer 31 Maart 2003 R miljoen
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**3 287**	2 879	3 149
Biologiese landboubates	**83**	80	83
Beleggingseiendomme	**22**	20	22
Klandisiewaarde en handelsmerke	**3 323**	2 652	3 361
Beleggings – Geassosieerde maatskappye	**18 558**	18 191	19 844
– Ander	**2 061**	83	109
Lenings	**226**	279	326
Uitgestelde belasting	**72**	68	84
	27 632	24 252	26 978
Bedryfsbates	**4 651**	4 943	4 075
Kontant en kontantekwivalente	**1 296**	2 650	2 286
Ander bedryfsbates	**3 355**	2 293	1 789
Totale bates	**32 283**	29 195	31 053
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en reserwes			
Belang van eie lede	**28 676**	25 517	27 793
Minderheidsbelang	**1 561**	2 024	1 583
Totale aandeelhouersekwiteit	**30 237**	27 541	29 376
Nie-bedryfslaste	**574**	275	351
Aftreevoordele	**108**	63	103
Langtermyn rentedraende lenings	**186**	97	140
Uitgestelde belasting	**280**	115	108
Bedryfslaste	**1 472**	1 379	1 326
Korttermyn rentedraende lenings	**86**	32	73
Ander bedryfslaste	**1 386**	1 347	1 253
Totale ekwiteit en laste	**32 283**	29 195	31 053
Netto batewaarde per aandeel (Rand) (toeskryfbaar aan eie lede)			
– Teen boekwaarde	**R56.72**	R49.03	R54.46
– Teen markwaardes/direkteurswaardasies ("intrinsieke waarde")	**R81.21**	R92.17	R76.91

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2003 R miljoen	2002 R miljoen	Geouditeer Jaar geëindig 31 Maart 2003 R miljoen
Saldo op 1 April – soos voorheen gerapporteer	**27 809**	24 047	24 047
Aansuiwerings ten opsigte van vorige jare – soos voorheen gerapporteer	**–**	15	15
Aansuiwerings ten opsigte van RE 137	**(16)**	(16)	(16)
Aangesuiwerde saldo op 1 April	**27 793**	24 046	24 046
Netto na-belaste kumulatiewe beginsaldo aanpassing (RE 133)	**(88)**	–	–
Netto na-belaste billike waarde aanpassings vir die tydperk (RE 133)	**1 375**	–	–
Netto wins	**1 791**	3 024	8 744
Dividende betaal	**(817)**	(1 215)	(1 674)
Wisselkoersaanpassings	**(718)**	215	(2 185)
Verandering van belange in filiaal-maatskappye, geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	**(9)**	–	(23)
Verandering in reserwes van geassosieerde maatskappye en ander reserwes	**(369)**	(451)	(436)
Aandele deur volfiliaal teruggekoop (tesourie-aandele)	**(295)**	(109)	(704)
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**13**	7	25
Belang van eie lede	**28 676**	25 517	27 793

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2003 R miljoen	2002 R miljoen	Geouditeer Jaar geëindig 31 Maart 2003 R miljoen
Omset van die maatskappy en sy filiale	**6 330**	5 819	11 212
Bedryfswins voor waardevermindering	**719**	683	1 468
Waardevermindering	**(118)**	(100)	(206)
Finansieringskoste	**(14)**	(16)	(45)
Wins uit normale bedrywighede	**587**	567	1 217
Amortisasie van klandisiewaarde	**(92)**	(70)	(166)
Waardedaling van bates	**1**	(14)	(24)
Uitsonderlike items	**(1)**	989	1 245
Wins voor belasting	**495**	1 472	2 272
Belasting	**(177)**	(201)	(302)
Wins na belasting van die maatskappy en sy filiale	**318**	1 271	1 970
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye	**1 623**	2 058	7 262
– Wins uit normale bedrywighede	**2 185**	2 306	4 421
– Amortisasie van klandisiewaarde	**(129)**	(163)	(308)
– Waardedaling van klandisiewaarde	**(26)**	(50)	–
– Waardedaling van bates	**–**	–	(63)
– Uitsonderlike items	**(407)**	(35)	3 212
Groepwins na belasting	**1 941**	3 329	9 232
Minderheidsbelang	**(150)**	(305)	(488)
Netto wins	**1 791**	3 024	8 744
Wesensverdienste rekonsiliasie:			
Basiese verdienste – Netto wins	**1 791**	3 024	8 744
Plus/(minus) – gedeelte toeskryfbaar aan eie lede:			
– Amortisasie van klandisiewaarde	**221**	226	473
– Waardedaling van klandisiewaarde en bates	**25**	58	72
– Uitsonderlike items	**384**	(805)	(4 354)
– Netto verlies/(oorskot), na belasting, met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**1**	(8)	(21)
Wesensverdienste	**2 422**	2 495	4 914
Segmentontleding – Wesensverdienste			
Handelsmerkbelange	**1 189**	1 375	2 498
Finansiële dienste	**676**	507	1 121
Nywerheidsbelange	**310**	316	696
Mynbelange	**118**	153	322
Korporatiewe finansies en ander belange	**129**	144	277
	2 422	2 495	4 914

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2003 R miljoen	2002 R miljoen	Geouditeer Jaar geëindig 31 Maart 2003 R miljoen
Kontant uit bedrywighede voortgebring	**522**	300	1 377
Belasting betaal	**(297)**	(125)	(220)
Dividende ontvang *	**147**	1 470	2 215
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**372**	1 645	3 372
Dividende betaal	**(880)**	(1 239)	(1 773)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	**(508)**	406	1 599
Beleggingsaktiwiteite	**(528)**	19	(1 943)
Finansieringsaktiwiteite	**32**	(471)	(82)
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**(1 004)**	(46)	(426)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**2 251**	2 677	2 677
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**1 247**	2 631	2 251
Kontant en kontantekwivalente – per balansstaat	**1 296**	2 650	2 286
Oortrokke bankrekening	**(49)**	(19)	(35)

* Die dividend vanaf R&R Holdings ten bedrae van R1 014 miljoen (2002: R1 277 miljoen) is in Oktober 2003 (2002: September 2002) ontvang.

VERDIENSTE EN DIVIDENDE PER AANDEEL

	30 September 2003 Sent	2002 Sent	31 Maart 2003 Sent
Wesensverdienste	**475.3**	478.2	945.8
Basiese verdienste	**351.5**	579.6	1 682.9
Dividende			
Gewoon	**101.00**	88.00	248.00
– Tussen	**101.00**	88.00	88.00
– Finaal			160.00

ADDISIONELE INLIGTING

	30 September 2003	2002	31 Maart 2003
Aantal aandele uitgereik			
– Gewone aandele van 1 sent elk	**486 493 650**	486 493 650	486 493 650
– Ongenoteerde B-gewone aandele van 10 sent elk	**35 506 352**	35 506 352	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	**522 000 002**	522 000 002	522 000 002
Aandele teruggekoop en in tesourie gehou			
– Gewone aandele van 1 sent elk	**(16 442 602)**	(1 567 908)	(11 616 128)
	505 557 400	520 432 094	510 383 874
Geweegde aantal uitgereikte aandele	**509 542 743**	521 726 610	519 565 424

In die bepaling van die wesens- en basiese verdienste per aandeel is die geweegde aantal uitgereikte aandele in berekening gebring.

	30 September 2003 R miljoen	2002 R miljoen	31 Maart 2003 R miljoen
Genoteerde beleggings			
Geassosieerd			
– Boekwaarde	**7 783**	6 497	7 693
– Markwaarde	**11 057**	10 188	10 911
Ander			
– Boekwaarde	**1 995**	18	44
– Markwaarde	**1 995**	44	47
Ongenoteerde beleggings			
Geassosieerd			
– Boekwaarde	**10 775**	11 694	12 151
– Direkteurswaardasies	**22 380**	32 875	23 369
Ander			
– Boekwaarde	**66**	65	65
– Direkteurswaardasies	**66**	74	74
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	**257**	132	388
Kapitaalverpligtinge (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)	**454**	363	579
Dividende ontvang			
Dividende ingesluit by bedryfswins	**9**	8	10
Dividende vanaf geassosieerde maatskappye teen beleggings verreken	**1 627**	1 462	2 095
Rente ontvang			
Vanaf ongenoteerde beleggings en deposito's (Ingesluit by bedryfswins)	**194**	183	372
Uitsonderlike items			
Uitsonderlike items van filiaalmaatskappye:			
Netto kapitaalsurplus/(-verlies) met verkoop van beleggings en besighede	**–**	1 001	1 244
Afleggingskoste	**–**	(12)	–
Ander	**(1)**	–	1
Totaal voor belasting – per inkomstestaat	**(1)**	989	1 245
Belasting	**(2)**	(36)	(22)
Totaal na belasting	**(3)**	953	1 223
Belang in uitsonderlike items van geassosieerde maatskappye:			
Netto kapitaalsurplus met betrekking tot BAT-voorkeuraandele	**–**	–	3 204
Herstruktureringskoste	**(372)**	(23)	(123)
Afleggingskoste	**–**	(47)	–
Netto kapitaalsurplus/(-verlies) met verkoop van beleggings en besighede	**(49)**	12	86
Ander	**(53)**	(1)	6
Belasting uitwerking	**64**	22	37
Toeskryfbaar aan minderhede van geassosieerde maatskappye	**3**	2	2
Totaal – per inkomstestaat	**(407)**	(35)	3 212
Groottotaal	**(410)**	918	4 435
Toeskryfbaar aan minderhede	**–**	(146)	(142)
Toeskryfbaar aan eie lede	**(410)**	772	4 293

KOMMENTAAR

1. Rekeningkundige beleid

Die tussenverslag word volgens die historiese kostegrondslag, ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet en die Noteringsvereistes van die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika opgestel en inkorporeer rekeningkundige beleid wat, met die uitsondering van die verantwoording van finansiële instrumente en landbou aktiwiteite, in ooreenstemming is met dié van die vorige finansiële tydperke.

2. Verandering in rekeningkundige beleid

Met ingang van 1 April 2003 het Remgro RE 133 (Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting) en RE 137 (Landbou) geïmplementeer.

RE 133

Remgro en sy filiale het, in ooreenstemming met die oorgangsbepalings van RE 133, 'n na-belaste kumulatiewe aanpassingsverlies van R88 miljoen as 'n beginsaldo aanpassing in reserwes verantwoord ten einde die verskil tussen die drawaardes en billike waardes van finansiële instrumente op 1 April 2003 te erken.

Aangesien die vergelykende syfers nie volgens die oorgangsbepalings van RE 133 hersaamgestel word nie, is sekere items nie op 'n lyn-vir-lyn-grondslag vergelykbaar met dié van vorige finansiële tydperke nie. Die toepassing van RE 133 deur groepsmaatskappye het, uitgesluit R&R Holdings SA (R&R), 'n toename in Remgro se wesensverdienste van R38 miljoen (of 7.4 sent per aandeel) vir die tydperk onder oorsig tot gevolg gehad. Die gekombineerde effek van die koopopsies wat R&R in Januarie vanjaar uitgereik het, en die toepassing van RE 133 op R&R se resultate, het 'n verdere toename in Remgro se wesensverdienste van R60 miljoen (of 11.7 sent per aandeel) tot gevolg gehad, deels as gevolg van die koopopsie-premie wat nie meer uitgestel word nie.

Die uitwerking van RE 133 op die tussenresultate is nie 'n aanduiding van wat die uitwerking vir die voljaar sal wees nie.

RE 137

Die uitwerking van dié rekeningkundige standpunt op Remgro se verdienste vir die ses maande onder oorsig en die vergelykende tydperke was nie wesentlik nie en derhalwe is die vergelykende inkomstestate nie hersaamgestel nie.

RE 433

Soos in die 2003 jaarverslag gerapporteer, het die maatskappy RE 433 (Konsolidasie en ekwiteitsverantwoording – Potensiële stemregte en allokasie van eienaarsbelang) gedurende die 2003 finansiële jaar geïmplementeer. Die uitwerking op verdienste vir die ses maande geëindig 30 September 2002 was nie wesentlik nie en die vergelykende inkomstestaat is nie hersaamgestel nie.

Die balansstate is soos volg hersaamgestel:

	30 September 2002 R miljoen	31 Maart 2003 R miljoen
Afname in minderheidsbelang	(15)	–
Afname in reserwes	(1)	(16)
Afname in eiendom, aanleg en toerusting	(97)	(106)
Toename/(afname) in uitgestelde belastingverpligting	25	(7)
Toename in biologiese landboubates	80	83
Toename in beleggings – Geassosieerde maatskappye	26	–

3. Resultate

Wesensverdienste

Totale wesensverdienste het met 2.9% tot R2 422 miljoen afgeneem. Wesensverdienste per aandeel het egter met slegs 0.6% vanaf 478.2c tot 475.3c afgeneem vanweë die gunstige uitwerking van die aandeleterugkoopprogram.

Die belangrikste faktor wat wesensverdienste beïnvloed het, was die negatiewe impak wat die sterker rand op die omskakeling van hoofsaaklik British American Tobacco Plc (BAT) se inkomste vanaf sterling na rand gehad het:

Ses maande tot September	**2003**	2002
Gemiddelde wisselkoers (£/R)	**12.2233**	15.7012
Sluitingskoers (£/R)	**11.5413**	16.5292
R&R se bydrae (£m)	**96**	86
R&R se bydrae (Rm)	**1 169**	1 355
(Ongunstige)/gunstige uitwerking vir die tydperk (Rm)	**(338)**	342

BAT se toeskryfbare inkomste, voor klandisiewaarde en uitsonderlike items, het met 1.7% in sterling toegeneem voordat 'n aanpassing gemaak is vir die beweging in huidige waarde van die BAT-voorkeuraandele en dividende. Die persentasie belang wat deur R&R volgens die ekwiteitsmetode verantwoord is, het vanaf 31.5% tot 28.8% verminder as gevolg van die verhandelbare koopopsies wat in Januarie 2003 deur R&R uitgereik is en wat in Junie 2004 uitoefenbaar is. Die voorkeuraandele word nou as 'n skuldinstrument verantwoord. Na die nodige aansuiwering op R&R-vlak vir die beweging in huidige waarde van die BAT-voorkeuraandele en dividende, en na insluiting van die bruto koopopsie-premie wat nie langer uitgestel word nie, het R&R se aangesuiwerde wesensverdienste met 11% toegeneem, en gevolglik ook Remgro se belang daarin, van £86 miljoen tot £96 miljoen. Soos in die tabel hierbo aangedui, het R&R se bydrae tot Remgro se totale wesensverdienste met 14% afgeneem.

Die finansiële dienste belange het stewige resultate gelewer met beide Absa en FirstRand wat steeds sterk winsgroei getoon het.

Nywerheidsbelange se bydrae het met 2% verminder hoofsaaklik as gevolg van Dorbyl (afskaling), Rainbow (nou ten volle belasbaar) en Total Suid-Afrika (laer marges as gevolg van die sterker rand). Transvaal Suiker en Unilever Bestfoods Robertsons het hul bydraes tot Remgro se wesensverdienste tot R47 miljoen (2002: R32 miljoen) en R66 miljoen (2002: R14 miljoen) onderskeidelik, verhoog.

Die bydrae deur die mynbelange was 23% laer, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat Remgro se belang in Impala Platinum (Impala) wat gedurende Junie 2003 deur Gencor Beperk (Gencor) ontbondel is, nie volgens die ekwiteitsmetode verantwoord word nie. Gedurende die vergelykende tydperk is Gencor en gevolglik ook Impala volgens die ekwiteitsmetode verantwoord.

In totaal het korporatief en ander belange ook laer resultate gelewer. Terwyl Medi-Clinic se bydrae met 23% tot R112 miljoen verhoog het, het korporatiewe tesourie s'n van R83 miljoen tot R44 miljoen afgeneem hoofsaaklik as gevolg van kontantfondse wat aangewend is om aandele terug te koop, en laer rentekoerse.

Basiese verdienste

Basiese verdienste per aandeel, na uitsonderlike items en amortisasie van klandisiewaarde, het met 39% gedaal, hoofsaaklik as gevolg van die nie-herhalende kapitaalsurplus wat gerealiseer is met die Robertsons Unilever-transaksie en die samesmelting van Malbak en Nampak in die vergelykende tydperk. Remgro se deel van die uitsonderlike items van geassosieerde maatskappye (hoofsaaklik BAT) het ook basiese verdienste gedurende die tydperk onder oorsig, verminder.

4. Intrinsieke waarde

Remgro se intrinsieke waarde per aandeel het met 5.6% vanaf R76.91 op 31 Maart 2003 tot R81.21 op 30 September 2003, toegeneem.

Verwys na webblad: finansieel/intrinsieke waarde.

5. Omset

– van die maatskappy en sy filiale	30 September **2003** **R miljoen**	2002 R miljoen	31 Maart 2003 R miljoen
Omset, uitgesluit dividende en rente	**4 500**	4 166	8 735
Dividende en rente	**1 830**	1 653	2 477
Totale omset	**6 330**	5 819	11 212

Weens die aard en samestelling van die groep is segmentontleding ten opsigte van omset nie sinvol nie.

6. British american tobacco plc (BAT)

Remgro se belang in BAT word verteenwoordig deur 'n een-derde aandeelhouding in R&R Holdings SA, Luxembourg, (R&R). Die ander twee-derdes word deur Compagnie Financière Richemont SA (Richemont) gehou.

In die tydperk onder oorsig het R&R sy effektiewe belang van 28.8% (2002: 31.5%) in BAT vir die volle sesmaande-tydperk geëkwiteer. Soos in die 2003 jaarverslag vermeld, word die BAT-voorkeuraandele deur R&R gehou sedert Januarie 2003 as 'n skuldinstrument gehanteer en nie langer geëkwiteer nie. Dit is as gevolg van die koopsopsies wat deur R&R uitgereik en uitoefenbaar is in Junie 2004. Die beweging in die huidige waarde van die voorkeuraandele is dienooreenkomstig verantwoord. Daar is ook voorheen genoem dat die uitgestelde netto koopopsie-premie by die geëkwiteerde inkomste vir die jaar onder oorsig ingesluit sal word. R&R se belang in die gewone aandele van BAT het vanweë laasgenoemde se aandele-terugkoopprogram toegeneem vanaf 27.9% op 31 Maart 2003 tot die huidige vlak van 28.8%.

R&R se belang in BAT se verdienste vir die ses maande tot 30 September 2003 is gebaseer op die resultate vir die negemaande-tydperk tot 30 September 2003 min die resultate vir die kwartaal tot 31 Maart 2003.

R&R se bydrae tot Remgro se wesensverdienste is soos volg:

	Ses maande tot September **2003** **£ miljoen**	2002 £ miljoen
Toeskryfbare inkomste van BAT voor klandisiewaarde en uitsonderlike items	**828**	814
Beweging in huidige waarde van BAT-voorkeuraandele en dividende	**(20)**	–
Aangesuiwerde toeskryfbare inkomste van BAT vir die ses maande geëindig 30 September	**808**	814
R&R se 28.8% (2002: 31.5%) deel van die aangesuiwerde toeskryfbare inkomste van BAT vir die ses maande tot 30 September	**233**	256
Beweging in huidige waarde van BAT-voorkeuraandele en dividende	**20**	–
R&R se ander inkomste	**4**	3
R&R se wesensverdienste vir die ses maande tot 30 September	**257**	259
Netto koopopsie-premie nie meer uitgestel	**30**	–
R&R se aangesuiwerde wesensverdienste vir die ses maande tot 30 September	**287**	259
Remgro se 33.33%-belang daarin	**96**	86
	R miljoen	R miljoen
Omgereken teen 'n gemiddelde £/R-koers van 12.2233 (2002: 15.7012)	**1 169**	1 355

BAT se bedryfswins vir die mees onlangse gerapporteerde negemaande-tydperk tot 30 September het, met uitsluiting van uitsonderlike items en die amortisasie van klandisiewaarde, met 3% tot £2 115 miljoen toegeneem. Dit volg op volumes wat met 1% tot 584 miljard sigarette gestyg het, terwyl sy vier voorste wêreldhandelsmerke, Kent, Dunhill, Lucky Strike en Pall Mall, groei van 13% getoon het.

Al BAT se streke, met die uitsondering van die Amerika-Pasifiese streek, het tot die groei in bedryfswins bygedra. Laasgenoemde streek se wins van £728 miljoen was £30 miljoen laer as in die vergelykende tydperk. Die nadelige effek van voortgesette moeilike handelsomstandighede in die Amerikaanse sigaretmark en wisselkoers-skommelinge is slegs gedeeltelik geneutraliseer deur winsstygings in Kanada, Japan en Suid-Korea. Mededingende prysvasstellings en promosies, asook 'n volumedaling van 7% as gevolg van verhoogde aksynsbelasting en laer voorraadvlakke in die groothandel, het winsgewendheid in die Amerikaanse mark nadelig beïnvloed.

In die Stille Oseaangebied het die streek se wins met £9 miljoen tot £358 miljoen toegeneem, met buitengewone goeie vertonings in Australië, Maleisië, Viëtnam en Indië. Dit is deels geneutraliseer deur die laer winste van Kambodja, Indonesië en doeanevryverkope.

In Latyns-Amerika was die wins van £335 miljoen £19 miljoen hoër, met verhoogde bydraes uit talle markte in die streek, waaronder 'n eerste bydrae van die verkryging in Peru. Die uitstekende streekresultaat is behaal ondanks moeilike ekonomiese omstandighede in die meeste lande en die uitwerking van die devaluasie van geldeenhede.

Met uitsluiting van die herstruktureringskoste in die VK, het die bedryfswins in Europa met £29 miljoen tot £444 miljoen toegeneem. Laer bemarkingskoste in die VK en aansienlike hoër winste in Rusland, Hongarye en Nederland, sowel as die verstewiging van die euro, het meer as vergoed vir die laer wins in Frankryk.

In Afrika en die Midde-Ooste was die wins £43 miljoen hoër op £250 miljoen ondanks die koste van voortgesette beleggings om die besigheid in Turkye op te bou. Dit weerspieël goeie vertonings oor die algemeen en die uitwerking van die sterker Suid-Afrikaanse rand.

BAT se aangepaste verwaterde verdienste per aandeel het met 5% tot 51.47p toegeneem in die nege maande tot September 2003. Die hoër bedryfswins en die voordele van die aandeleterugkoopprogramme het meer as vergoed vir die toename in netto rentebetalings en die koste van minderheidsbelange.

Gedurende die tydperk onder oorsig het BAT voorstelle oor die herstrukturering van sekere van sy besighede aangekondig. Dit sluit die konsolidering van sy vervaardigingsbedrywighede in die VK en 'n aansienlike herstrukturering van sy besigheid in Kanada in. BAT se resultate vir die negemaande-tydperk tot 30 September 2003 maak voorsiening vir 'n uitsonderlike uitgawe van £302 miljoen ten opsigte van die koste verbonde aan hierdie herstrukturerings. Daarby het die maatskappy 'n verlies met die verkoop van 'n Amerikaanse filiaal ten bedrae van £62 miljoen gely.

BAT was ook bedrywig sover dit die verkryging van besighede betref: 'n beherende belang is verkry in Peru se voorste tabakmaatskappy, Tabacalera Nacional S.A.A., 'n suksesvolle aanbod (onderhewig aan goedkeuring deur die Europese Kommissie) is gemaak vir die Italiaanse staatsmaatskappy Ente Tabacchi Italiani S.p.A., en 'n belang van 67.8% is in die Serwiese tabakmaatskappy Duvanska Industrija Vranje bekom.

Daarby het BAT in Oktober aangekondig dat 'n ooreenkoms bereik is om sy Brown & Williamson-besigheid, 'n VSA-filiaal, saam te voeg met RJ Reynolds (RJR) om Reynolds American te vorm, 'n nuwe houermaatskappy waarin RJR-aandeelhouers en BAT onderskeidelik 'n belang van 58% en 42% sal hou. BAT het ook aangekondig dat hy sy rooktabak- en sigaarbesigheid in die VSA aan Reynolds American vir $400 miljoen kontant verkoop. Reynolds American sal 'n gesamentlike aandeel van ongeveer een derde van die plaaslike Amerikaanse mark hê.

7. Ander beleggings

Die belangrikste veranderinge sedert 1 April 2003 was soos volg:

Terugkoop van Remgro-aandele

Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro se volfiliaalmaatskappy, Remgro Investments (Eiendoms) Beperk, 'n verdere 4 826 474 gewone Remgro-aandele (1.0% van die gewone aandele) teen 'n gemiddelde prys van R61.22 vir 'n totale bedrag van R295.5 miljoen aangekoop. Tesame met die aandele wat in die vorige finansiële jaar aangekoop is, word 'n totaal van 16 442 602 (3.4%) as tesourie-aandele gehou.

Total South Africa (Eiendoms) Beperk

Die aandeelhouers van Total South Africa, naamlik Total Frankryk, Remgro en Old Mutual, het op 30 April 2003 hul aandeelhouding herskik en Total South Africa het 25% van sy stemdraende kapitaal aan Tosaco (Eiendoms) Beperk (Tosaco) vir kontant uitgereik. Total Frankryk hou nou 50.1% van Total South Africa, Remgro 24.9% en Tosaco 25.0%.

Gencor Beperk (Gencor)

Die ontbondeling van Gencor se belang in Impala Platinum Holdings Beperk (Impala) by wyse van 'n dividend in spesie is op 25 April 2003 deur Gencor se aandeelhouers goedgekeur.

Gencor-aandeelhouers het hul Impala-aandele op 18 Junie 2003 ontvang. Op 30 September 2003 was Remgro se belang in Impala 5.0%.

Sage Groep Beperk (Sage)

In 2003 het Sage addisionele kapitaal ten bedrae van R350 miljoen bekom deur middel van 'n uitgifte van aandele aan 'n konsortium van beleggers, verteenwoordig deur, en wat insluit, AVASA Holdings Beperk, sowel as 'n regte-uitgifte aan alle aandeelhouers van Sage.

Kragtens die regte-uitgifte en onderskrywingsooreenkoms het Remgro vir 54 177 337 Sage-aandele ten bedrae van R89.4 miljoen ingeskryf. Op 30 September 2003 was Remgro se effektiewe belang in Sage 21.6%.

Rainbow Chicken Beperk (Rainbow)

Gedurende Augustus 2003 het Remgro 'n verdere 10.0% in Rainbow vir 'n bedrag van R119.3 miljoen aangekoop. Remgro se belang in Rainbow is nou 64.5%.

DIVIDENDE

Hiermee word kennis gegee dat 'n tussendividend van 101 sent (2002: 88 sent) per aandeel verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk, vir die halfjaar wat op 30 September 2003 geëindig het.

Belangrike datums

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die tussendividend te kwalifiseer	Vrydag, 9 Januarie 2004
Verhandelinge op of na hierdie datum sal met uitsluiting van die tussendividend wees	Maandag, 12 Januarie 2004
Rekorddatum	Vrydag, 16 Januarie 2004
Betaaldatum	Maandag, 19 Januarie 2004

Aandeelhouers mag nie in die periode van Maandag, 12 Januarie 2004, tot Vrydag, 16 Januarie 2004, beide datums ingesluit, hulle aandeelsertifikate dematerialiseer/rematerialiseer nie.

Aandeelhouers wat op die betaaldatum steeds gesertifiseerde aandele hou, se dividende sal volgens bestaande opdragte elektronies oorbetaal word in hul bankrekeninge of anders sal tjeks na hulle geregistreerde adresse gepos word.

Dividende ten opsigte van gedematerialiseerde aandele word gekrediteer na aandeelhouers se rekeninge by hul Sentrale Effektebewaardeelnemer (CSDP) of makelaar.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Thys Visser
Hoofuitvoerende beampte/Ondervoorsitter

Stellenbosch
24 November 2003

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure
Johann Rupert (*Voorsitter*), P E Beyers, G D de Jager, J W Dreyer, P K Harris, E de la H Hertzog, E Molobi, J F Mouton, F Robertson, P G Steyn

Uitvoerende direkteure
M H Visser (*Hoofuitvoerende beampte/Ondervoorsitter*), W E Bührmann, D M Falck, J A Preller (Mev), T van Wyk

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris
M Lubbe (Mev)

Notering
JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika
Sektor: Finansieel – Beleggingsmaatskappye

American depositary receipt (ADR) program
Cusip nommer 75956M107 ADR tot gewone aandeel 1:1

Depositaris
The Bank of New York, 620 Avenue of the Americas, New York NY 10011

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Carpe Diem Kantoorgebou, Quantumstraat
Tegnopark, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragkantoor
Computershare Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Ing.
Stellenbosch

Borg
Rand Aksepbank ('n Deel van FirstRand Bank Beperk)
Korporatiewe Finansiering

Webwerf
www.remgro.com

GRAPHICOR 29737